

## HOOFSTUK 4

### EMPIRIESE GEGEWENS

#### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese gegewens van die navorsingsondersoek saamgevat. As gevolg van 'n toename in dienste aan kinders word daar al hoe meer van assessering gebruik gemaak. Hierdie ondersoek is gedoen omdat daar min kennis bestaan rondom die behoeftes wat maatskaplike werkers in die praktyk, ten opsigte van assessering, het. Dus kan die ondersoek as verkennende of ondersoekende navorsing beskryf word. Die doel van die navorsing was om vas te stel wat die moontlike leemtes in bestaande assessoringsriglyne is, sowel as om die behoeftes as gevolg van 'n gebrek aan kennis en vaardighede vas te stel wat by maatskaplike werkers bestaan ten opsigte van assessering.

'n Leemte is in die literatuur geïdentifiseer, naamlik dat assessering as 'n komponent in terapie telkens beklemtoon word, maar selde volledig bespreek word. Hierdie leemte is tydens die voorondersoek tydens 'n groepbespreking bevestig. Praktykervaring van die navorser sluit hierby aan, naamlik dat maatskaplike werkers die noodsaaklikheid van assessering besef maar nie werklik oor voldoende kennis ten opsigte van die assessoringsproses beskik nie.

Die inligting wat met behulp van die literatuurstudie ingesamel is, is gebruik om 'n teoretiese raamwerk vir die empiriese studie daar te stel. Fouché & Delport (2002b: 266) bevestig die feit soos volg: "*A thoughtful and informed discussion of related literature should build a logical framework for the research that sets it within a tradition of enquiry and a context of related studies.*"

In die ondersoek is daar 'n navorsingsvraag en nie 'n hipotese geformuleer nie (vergelyk Blaikie, 2000: 60-61 en Creswell, 2003: 116). Die navorsingsvraag is soos volg geformuleer:

- Watter leemtes is daar in bestaande assessoringsriglyne en watter behoeftes ondervind maatskaplike werkers ten opsigte van assessering?
- Tot watter mate bied Gestaltterapie 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir 'n assessoringsriglyn?

In dié navorsingsondersoek is daar hoofsaaklik van die kwalitatiewe benadering gebruik en is kwantitatiewe data gebruik om die kwalitatiewe beskrywing aan te vul. 'n Kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodologie wat triangulasie genoem word, is gebruik (vergelyk De Vos,

2002b: 365). Die opeenvolgende verkennende strategie is tydens hierdie ondersoek gevvolg aangesien kwantitatiewe data gebruik is om die kwalitatiewe bevindings te verhelder (vergelyk Creswell, 2003: 209). Verskillende metodes is gebruik om inligting te bekom, naamlik 'n gestruktureerde vraelys, 'n semigestruktureerde fokusgroepbespreking en semigestruktureerde onderhoude.

## 4.2 METODES VAN DATA-INSAMELING

Tydens die ondersoek is daar van sowel kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes van data-insameling gebruik gemaak. Die metodes waarop data bekom is, word vervolgens bespreek:

### 4.2.1 VRAELYSTE

'n Gestruktureerde vraelys wat oop, sowel as gesloten vragen bevat, is benut (vergelyk Bylae 4). Kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe inligting is hierdeur verkry. Gesloten vragen is afgewissel met oop vragen. Dit is gedoen sodat belangrike inligting nie verlore gaan nie (vergelyk Delport, 2002: 180). Gesloten vragen is op verskillende wyses geformuleer. Tweedelige vragen, dit wil sê "ja"- en "nee"-vragen, is afgewissel met meerkeusevrae en met meerkeusevrae met 'n skaalaanduiding asook deur opvolgvrae waar fyner detail en indiepte-inligting gevra word (vergelyk Delport, 2002: 180 – 183).

Volgens Delport (2002: 179) is die gebruik van oop vragen veral van toepassing wanneer die veranderlike onbekend is en nie nagevors is nie. Hierdie vragen gee aan die navorsers die geleentheid om 'n breë spektrum van respons te verkry. Tydens dié ondersoek wou die navorsers soveel moontlike respons eksplorere en is die geleentheid aan respondenten gebied om te "motiveer", "mening te gee", "beskryf", "verduidelik" en "voorstel".

Die vraelys is in die volgende onderafdelings verdeel:

- Waarde van assessering, omstandighede waartydens geassesseer word, doel van assessering – vraag 1 tot 5.
- Identifisering van maatskaplike werkers wat self assessering doen – vraag 6.
- Vrae gerig aan maatskaplike werkers wat self assessering doen – vraag 7 tot 15. Aspekte soos die tipe riglyn wat gebruik word, aspekte wat geassesseer word, assesseringsproses, en tegnieke, verhoudingbou, kennis van die kind en leemtes in die assesseringsriglyn word gedek.

- Vrae gerig aan maatskaplike werkers wat nie self assesserings doen nie – vraag 16 tot 19. Aspekte soos behoeftes ten opsigte van assessoring, inligting wat bekom wil word tydens assessoring, en of assessorings aan die verwagting voldoen, is ingesluit.
- Die verhouding tussen die kind en die maatskaplike werker tydens assessoring – vraag 20 tot 21.
- Die bepaling van emosionele bewustheid by die kind – vraag 22 tot 23.
- Die opvolg van assessoring deur terapie – vraag 24.
- 'n Teoretiese verwysingsraamwerk vir assessoring – vraag 25 tot 29.
- Leerbehoeftes wat bestaan by maatskaplike werkers ten opsigte van assessoring – vraag 30 tot 31.

'n Voorundersoek is gedoen waartydens die vraelys met drie respondenten ingeval is. Hierdie respondent was nie deel van die populasie nie, maar is wel betrokke by assessoring. Die voorundersoek het daar toe gelei dat vrae geherformuleer is sodat die respondent dit duideliker kom verstaan. Vrae is ook bygevoeg aangesien die respondent gevoel het dat die vraelys onvolledig was.

Ten opsigte van die vraelys is daar van 'n steekproef gebruik gemaak, naamlik die maatskaplike werkers wat by statutêre dienste betrokke is. Alhoewel die vraelys aan al die maatskaplike werkers van die SAVF te versprei is, is daar gespesifieer dat slegs maatskaplike werkers wat statutêre dienste lewer, die vraelys moet invul. Die vraelyste is aan 28 SAVF-maatskaplike dienskantore in die provinsies Gauteng, Limpopo, Mpumalanga en KwaZulu-Natal gestuur. Drie kantore, naamlik Coligny, Delareyville en Middelburg, was vakant ten tye van die ondersoek. Hierdie 28 kantore word deur 52 maatskaplike werkers bedien. Van hierdie getal is 10 werkers nie betrokke by statutêre werk nie, of die poste was vakant tydens die ondersoek. Die totale populasie wat by die ondersoek betrek is, is dus 43 maatskaplike werkers. Een en veertig vraelyste is terug ontvang, wat beteken dat daar 'n 97.6%-respons was.

#### 4.2.2 FOKUSGROEPBESPREKING

Vir die doel van die ondersoek is bykomende empiriese data ingewin deur een semi-gestruktureerde fokusgroepbespreking met maatskaplike werkers (sien Bylae 5). Lede van die fokusgroep is op grond van 'n doelgerigte steekproef, volgens kriteria soos deur die navorsers self bepaal, geselekteer (vergelyk Strydom & Venter 2002: 207). Dié groep het uit agt maatskaplike werkers, wat statutêre dienste lewer, en een supervisor, bestaan. Al die maatskaplike werkers is werkzaam by die SAVF in die Limpopo provinsie. Al die maatskaplike werkers het die vraelys (soos in 4.2.1 beskryf) ingeval. As deel van die voorundersoek is 'n ongestruktureerde fokusgroepbespreking gehou met supervisors in diens van die

SAVF. Die doel van die bespreking was om vrae te identifiseer vir die fokusgroepbespreking met maatskaplike werkers. Die fokusgroepbespreking het die vraelys (4.2.1) opgevolg en kon dus nie die beantwoording van die vraelys beïnvloed nie. Die fokusgroepbespreking het as verheldering van die vraelys gedien.

Die fokusgroepbespreking is in die volgende temas verdeel:

- Hoe omskryf die maatskaplike werkers assessering.
- Watter probleme ondervind maatskaplike werkers ten opsigte van assessering.
- Watter behoeftes het maatskaplike werkers ten opsigte van assessering.
- Watter leemtes kan geïdentifiseer word ten opsigte van bestaande assessoringsriglyne.
- Vrae ten opsigte van ten opsigte van assessering en 'n teoretiese verwysingsraamwerk.
  - Is bestaande assessoringsriglyne volgens jou kennis gegrond op 'n spesifieke teoretiese verwysingsraamwerk?
  - Watter teoretiese verwysingsraamwerk?
  - Watter waarde, indien enige, sal 'n teoretiese verwysingsraamwerk kan toevoeg tot die assessoringsriglyn?

#### 4.2.3 ONDERHOUDE MET ROLSPELERS BINNE DIE STATUTÊRE PROSES

'n Semi - gestruktureerde onderhoudskedule met oop vrae is tydens twee onderhoude benut (sien Bylae 6). Hierdie vrae is slegs as 'n riglyn vir die onderhoude benut (vergelyk Greeff, 2002: 307). Deur die onderhoude is kwalitatiewe inligting van deskundiges binne die statutêre proses verkry. 'n Kanalisasie beampete in diens van die Departement van Welsyn, en 'n Kommissaris van Kindersorg is betrek by die onderhoude. Die respondenten is deur die navorsing op grond van doelgerigte steekproeftrekking geselekteer waarvoor die kriteria deur die navorsing self bepaal is (Strydom & Venter 2002: 207). Die volgende aspekte is deur die onderhoud gedek:

- Watter rol assessoring tydens die statutêre proses speel.
- Watter verwagtings, behoeftes en leemtes ten opsigte van assessoring bestaan.
- Wanneer moet die kind tydens die statutêre proses geassesseer word.

Die empiriese gegewens wat vanuit die studie verkry word, word vervolgens beskryf.

## 4.3 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

Die resultate van die navorsing word beskryf per vraag soos dit in die vraelys gevra is. Die fokusgroepbespreking word in geheel bespreek, en die onderhoude sal volgens bepaalde reaksie op die oop vrae beskryf word.

### 4.3.1 VRAEYLES AAN MAATSKAPLIKE WERKERS

Een en veertig ingevulde vraelyste is ontvang. Dié vraelyste word vervolgens bespreek:

#### Vraag 1: Watter waarde het kinderassessering in die praktyk?

N = 40

Een vraelys is nie volledig ingeval nie en een respondent het slegs genoem dat die waarde van assessoring groot is, sonder om die waarde te omskryf.

Al 40 respondente het die noodsaaklikheid van assessoring beklemtoon, maar weens verskillende redes. Die response op die vraag is deur die navorsaar aan spesifieke temas verbind en saamgevat. Die volgende temas het na vore gekom (die aantal response word in hakies aangedui):

- Inligting word verkry waar die kind, sy gevoelens en belewenisse, en die probleem beter verstaan word, met die oog op doeltreffende dienslewering en die opstel van 'n behandelingsplan (12).
- Assessering is bepalend vir verdere optrede en terapie (9).
- Assessering stel die maatskaplike werker in staat om 'n holistiese beeld van die kind se interne en eksterne omstandighede te vorm (5).
- Assessering help die maatskaplike werker met die aanbeveling van 'n gesikte plasing van die kind (3).
- Assessering bepaal trauma waaraan die kind blootgestel is (3).
- Dit help waar seksuele misbruik vermoed word (2).
- Assessering rig voorkomingsdienste (2).
- Maatskaplike werkers benodig teoreties-gefundeerde, wetenskaplike tegnieke om spesifieke aspekte van kindertrauma te meet ten einde getuienis aan die hof wetenskaplik te versterk (2).
- Assessering is die beginpunt van die ondersoek (1).

Die response kan in twee hooftemas gegroepeer word, naamlik die insameling van inligting en die beplanning ten opsigte van dienslewering. Die waarde van assessoring lê vir 62% (f=24) van respon-


dente daarin dat dit 'n metode is waartydens inligting ten opsigte van die kind en sy leefwêreld in gesamel kan word. Vir 38% ( $f=15$ ) van die respondentē lê die waarde van assessering daarin dat dit die behandelingsplan en intervensie rig. Indien die reaksie van respondentē vergelyk word met die beskrywing van assessering deur Potgieter (1998: 142), is dit duidelik dat beide aspekte, naamlik inligting en intervensie, as voortvloeiend uit assessering beskou word.

**Vraag 2: Sou u assessering as 'n voorvereiste beskou tydens besluitneming in die statutêre proses?**

Hierdie was 'n vraag waarop "ja" of "nee" geantwoord kon word. Respondente word in die daaropvolgende vraag gevra om die antwoord te motiveer. Figuur 18 vat die eerste response skematis saam.

**Figuur 18: Mening van maatskaplike werkers ten opsigte van die voorvereiste van assessering in die statutêre proses**

N = 41



Uit dié respons blyk dit dat ongeveer een vyfde (15%) van die respondentē besluite tydens die statutêre proses neem sonder dat 'n assessering nodig geag word. Alhoewel "meestal" oorspronklik nie as 'n opsie in die vraelys aangedui is nie, het een respondent dit as respons aangedui. Hierdie reaksie kan daarop dui dat die reaksie van respondentē anders kon wees indien meestal as 'n opsie aangedui was.

**Vraag 3: Motiveer asseblief u antwoord.**

Al 41 respondentē het op hierdie vraag reageer en reaksie word soos volg samevattend weergegee:

Motivering vir die voorvereiste van assessering by die statutêre proses kan in drie kategorieë verdeel word.

- Respondente het die volgende redes verskaf waarom assessering nie as voorvereiste by die statutêre proses beskou word nie:
  - Nie alle sake vereis noodwendig hierdie proses nie. In ingewikkeld sake soos seksuele misbruik en onbeheerbare gedrag wel. Die statutêre proses is reeds 'n lang uitgerekte proses en assessering kan dit selfs nog meer uitrek.
  - Nie alle gevalle is moeilik nie. Assessering kan by grensgevalle gebruik word.
  - Dis slegs toepaslik wanneer finansiële redes ter sprake is.
  - Assessering is belangrik in sommige gevalle, veral by die baie jong kind, of die moeilik beweegbare kind. Sommige sake vereis nie noodwendig assessering nie.
  - Nie noodwendig noodsaklik nie. Dit is dikwels in die statutêre proses die hulpbronne wat bepaal wat van die kind word. Om te verwyder, help die wet (kindersorg) Dit is belangrik om te weet watter behandeling om toe te pas as die kind geplaas is.
  - Dit is baie belangrik dat assessering in die meeste gevalle wel gedoen behoort te word maar as voorvereiste sal dit prakties moontlik onuitvoerbaar wees.

Vyftien persent ( $f=6$ ) het aangedui dat beslissende besluite ten opsigte van kinders in die statutêre proses sonder assessering geneem word. Indien die volgende stelling van Meyer (1993: 1- 2) in ag geneem word, word die kwaliteit van dienslewering bevraagteken:

*Skillful and effective professional practice, no matter the model in use, cannot be carried out haphazardly or in cafeteria style; there has to be a common framework, an anchoring process, that at the least guides the practitioner's choice of interventions, making the basis of the practitioner's choice explicit and available to others' scrutiny. That framework can be assessment, a process that is necessary in all science and in all of professional practice.....that rely upon interpreting the given data of a case to decide upon and chart the appropriate interventions.*

Uit die literatuur is dit duidelik dat geen besluite geneem kan word, of dienslewering kan geskied sonder 'n behoorlike assessering nie. Indien dit wel sou gebeur, soos deur respondenten aangedui, word die diensleweringskwaliteit negatief beïnvloed.

- Een respondent het gereageer dat assessering meestal 'n voorvereiste in die statutêre proses is.  
Die motivering vir die respons was:

- "Help om effektiewe plasings aan te wend. Voorkomend waar nog nie ernstige probleme bestaan. Ondersteun leiding aan versorgers. Kan daarvolgens toepaslike IDP opstel."
- Die 35 respondent wat assessering as voorvereiste in die statutêre proses beskou, het die volgende motivering verskaf:
  - Vyf en twintig (73 %) se motivering kan saamgevat word in die volgende reaksie van 'n respondent: "Assessering van maatskaplike funksionering in die geheel sal nie net duidelikheid oor 'n individuele kind se unieke behoeftes verskaf nie, maar ook help om 'n behandelingsprogram te formuleer wat by die kind se unieke leefwêreld aanpas." Die afleiding kan dus gemaak word dat die kind geassesseer word om 'n holistiese beeld ten opsigte van die situasie te verkry en dat besluitneming en intervensie deur assessering bepaal word.
  - Vier (10 %) is van mening dat assessering noodsaaklik is sodat die regte besluit ten opsigte van die kind se plasing gemaak kan word.
  - Twee (5 %) is van mening dat assessering die maatskaplike werker in staat stel om in die kind se beste belang op te tree.
  - Een (3 %) meen dat assessering nodig is sodat terapie met die oog op gesinshereniging beplan kan word.
  - Een (3 %) gebruik assessering om ouerskapvaardighede te bepaal.
  - Een (3 %) is van mening dat kinders nie altyd direk oor hulle gevoelens praat nie. Tydens assessering word daar op hullevlak uitgereik en is kinders meer gemaklik om inligting deur te gee.
  - Een (3 %) is van mening dat assessering die maatskaplike werker die geleentheid gee om inligting ten opsigte van trauma te bekom.

Alhoewel die navorsing die reaksie van respondent in sewe afdelings verdeel het, is dit duidelik dat 97 % ( $f=34$ ) assessering gebruik om inligting ten opsigte van die kind se situasie te bekom en om 'n behandelingsplan te ontwikkel (vergelyk Potgieter, 1998: 142).


**Vraag 4: In watter mate is dit nodig dat 'n kind onder die volgende omstandighede geassesseer word?**

Respondente het by hierdie vraag 'n meervoudige keuse gehad ten opsigte van agt kategorieë. 'n Negende nie-gespesifiseerde kategorie is bygevoeg. Dié kategorie maak voorsiening vir uitsonderings

(vergelyk Delport, 2002: 180). Respondente kon meer as een keuse uitoefen. Resultate word skematis in figuur 19 weergegee:

**Figuur 19: Omstandighede waaronder dit nodig is om kinders te assesseer**

N = 41



### Ander omstandighede as wat bo genoem is

N= 12

- Vyftig persent ( $f=6$ ) respondentie is van mening dat assessorering nodig is tydens toesig-en-beheer-ondersoeke.
- Sewentien persent ( $f=2$ ) respondentie is van mening dat assessorering nodig is tydens privaat plasings.
- Sewentien persent ( $f=2$ ) respondentie is van mening dat kinders tydens skielike gedragsveranderinge geassesseer moet word.
- Volgens 8 % ( $f=1$ ) respondentie is dit nodig om trauma-assessorering te doen.
- Volgens 8 % ( $f=1$ ) respondentie is dit nodig om kinders te assesseer sodat ouers gehelp kan word om hulle kinders te verstaan.

Uit die reaksie op hierdie vraag is dit duidelik dat respondentie dit noodsaaklik vind om kinders te assesseer wanneer daar bewerings van seksuele mishandeling (81 %), beweerde mishandeling (65 %) en onbeheerbare gedrag (61 %) is. Hier teenoor vind respondentie dit nie so nodig om kinders te assesseer tydens terugplasing by die ouers (38 %), veiligheidsplekplasing en pleegsorgplasing (30 %) en verandering van statutêre posisie (24 %) nie. Praktykervaring (SAVF-gevalleelading, 2004) toon dat laasgenoemde statutêre handelinge die hoogste mislukkingsyfer het en gesprekke met deskundiges het dit bevestig. Die reaksie van respondentie toon 'n korrelasie tussen die mislukking van plasing en die feit

dat assessering tydens hierdie plasings nie as noodsaaklik beskou word nie. Seksuele misbruik is 'n baie sensitiewe bewering om te ondersoek en dit is ook moeilik om te bewys. Die navorser is van mening dat die ongemak met dié bewerings dit vir maatskaplike werkers noodsaaklik maak om die kind te assesseer (vergelyk Ney, 1995: 5 – 6 ).

### Vraag 5: Wat is na u mening die doel met assessering?

N = 41

Hierdie vraag stem baie ooreen met vraag 1, naamlik "Wat is na u mening die waarde van assessering in die praktyk?" Die navorser wou met hierdie vraag die antwoord bekom op "waarom" dit nodig is om 'n kind te assesseer. Terwyl die eerste vraag die antwoord op "wat" assessering tot dienslewering byvoeg, moes verskaf. Uit die resultate is dit duidelik dat die respondentie nie hierdie onderskeid tussen die twee vroeë getref het nie. In retrospeksie is dit duidelik dat hierdie twee vroeë beter geformuleer kon word om verwarring en onduidelikheid te voorkom. Die vraag kan nietemin as 'n kontrolevraag beskou word.

Die reaksie van respondentie kan in drie temas verdeel word:

- Volgens 54 % (f=22) is die doel van assessering die insameling van inligting om die individuele kind se unieke behoeftes, leefwêreld, persoonlikheid, vaardighede, vermoëns, trauma, belangstellings en egokragte te bepaal. Klem word daarom gelê dat assessering 'n tydbesparende proses is om hierdié inligting te bekom.
- Vier en dertig persent (f=14) sien die doel van assessering as inligting wat ten opsigte van die kind ingesamel word met die oog op beplanning, 'n behandelingsplan en terapie. In die statutêre proses is die besluit ten opsigte van die plasing van die kind belangrik en assessering dra by tot die neem van die besluit.
- Twaalf persent (f=5) gebruik assessering om inligting te bekom wat nie andersins bekom kan word nie. Dít is ook 'n metode om inligting te verifieer.


Dit is dus duidelik dat respondentie die waarde van assessering en die doel van assessering as die selfde beskou. Die navorser is van mening dat die waarde van assessering en die doel met assessering verskil, soos hierbo verduidelik. Die doel van assessering word beskou as dit wat met assessering bereik wil word, byvoorbeeld die insameling van inligting en beplanning van intervensie. Hier teenoor word die waarde van assessering beskou as dit wat assessering tot die maatskaplikewerkpraktyk bydra, naamlik om dienslewering te rig en te verantwoord.

### Vraag 6: Doen u self kinderassesserings?

Hierdie vraag het respondentie 'n keuse tussen "ja" en "nee" gegee. Reaksie van respondentie word skematis in figuur 20 weergegee.

**Figuur 20: Maatskaplike werkers wat self assessorings doen of nie doen nie**

N = 41



Meer as een derde (f=15) van die maatskaplike werkers doen self assessorings. Hierdie tendens kan toegeskryf word aan die feit dat die grootste persentasie van die SAVF se kantore in die platteland is en dat die gebiede nie oor die infrastruktuur beskik waar kinders vir assessering na ander professionele personele verwys kan word nie.

### Vrae 7 tot 15 is ingevul deur respondentie wat self assessorings doen.


Die reaksie op vraag 6 dui aan dat 15 maatskaplike werkers self kinders assesseer, en isl N = 15 vir vraag 7 tot 15 wees.

### Vraag 7: Indien wel watter assessoringsriglyn/e gebruik u?

Drie keuses is aan respondentie gegee en een of meer keuses kon gemaak word. Omdat respondentie meer as een keuse aangedui het , is die totale van die persentasies nie van toepassing nie.

**Figuur 21: Verspreiding van assessoringsriglyne soos deur maatskaplike werkers gebruik word.**

N = 15



Uit figuur 21 is dit duidelik dat

- 93 % (f=14) respondent gebruik bestaande assessoringsriglyne.
- 20 % (f=3) respondent pas bestaande riglyne aan.
- 27 % (f=4) respondent gebruik 'n selfontwikkelde riglyn.

Die navorsers is van mening dat hierdie vraag meer betekenis sou gehad het indien respondent die riglyn wat gebruik word, genoem het. Uit die vroeë wat op hierdie vraag volg, het die volgende inligting (N= 13) ten opsigte van bestaande riglyne na vore gekom:

- Een en sestig persent (f=8) respondent wat bestaande riglyne gebruik, gebruik die RP-model (vergelyk Potgieter, 1993: 75 en Potgieter, 1996: 203 – 221).
- Ses en twintig persent (f=3) respondent gebruik die sterke gebaseerde assessoringsriglyn van die Departement van Maatskaplike ontwikkeling (vergelyk Department of Welfare, 2000: 5 – 10).
- Dertien persent (f=1) respondent gebruik Perspektief se Kinderfunksioneringinventaris (vergelyk Perspektief-Opleidingskollege: 2003).

Dit blyk dus dat die RP-Model die mees gebruikte assessoringsriglyn is.

#### **Indien u 'n bestaande riglyn aangepas het, motiveer waarom u dit aangepas het:**

Alhoewel slegs drie respondent by die vorige vraag aangedui het dat bestaande riglyne aangepas word, het vyf respondent aangedui hoe bestaande riglyne aangepas word. Die volgende motivering word vir die aanpas van 'n bestaande riglyn gegee:

- Kombineer die RP-model met ander tegnieke om die kind veilig en bemagtig te laat voel.
- Volgens behoeft en die situasie.
- 'n Riglyn is nie noodwendig doeltreffend om oorsaak en gevolg of prognose en groei te meet nie.  
'n Saamgestelde riglyn van verskillende riglyne is doeltreffender en omvattender.

- 'n Kombinasie van verskillende riglyne om meer inligting te bekom.
- Om kulturele verskille in ag te neem.

Die feit dat respondenten aandui dat bestaande riglyne aangepas word volgens behoefté, is 'n aanduiding dat daar vir die gebruikers van hierdie riglyne, spesifieke leemtes in die riglyne bestaan.

#### **Vraag 8: Watter aspekte word deur die assessoringsriglyn/e wat u gebruik, geassesseer?**

Respondente (**N=15**) het by hierdie vraag 'n meervoudige keuse gehad ten opsigte van sewe kategorieë. 'n Agste nie-gespesifiseerde kategorie is bygevoeg. Dié kategorie maak voorsiening vir uitsonderings.

Die respondenten se reaksie was dat

- 86 % aantoon dat die kind se maatskaplike omstandighede (eksterne faktore) geassesseer word (vergelyk Sutton, 1999: 97).
- 73 % aantoon dat die kind se ontwikkelingsvlak/fase geassesseer word (vergelyk Geldard & Geldard, 2000: 18).
- 80 % aantoon dat die beweerde seksuele misbruik geassesseer word (vergelyk Swenson & Hanson, 1998: 476).
- 86 % aantoon dat gesinsverhoudinge geassesseer word (vergelyk Geldard & Geldard, 2000: 53 en Meyer 1993: 114).
- 53 % aantoon dat die kind se waarheidsbegrip geassesseer word (vergelyk Aldridge & Wood, 1998: 58).
- 86 % aantoon dat die wat of wie van trauma veroorsaak geassesseer word (Lewis, 1999: 24 – 32).
- 13 % aantoon dat ander aspekte geassesseer word.

#### **Ander aspekte wat geassesseer word**

N= 3

Reaksie van respondenten word woordeliks weergegee:

- "Meet ook verhoudings ten opsigte van portuurgroepvriendekring, selfs ouers, maar ten opsigte van die self en nie die ander nie. Probeer outonomie kweek."
- "Die kultuuragtergrond van die kind speel 'n groot rol wat dikwels oor die hoof gesien word binne bestaande riglyne."
- "Persoonlikheidsontwikkeling, temperament en selfbeeld."

Die reaksie van respondenté dui aan dat assessoringsriglyne hoofsaaklik die kind se maatskaplike omstandighede en maatskaplike funksionering, asook gesinsverhoudinge assesseer (86 % elk), terwyl 80 % aandui dat die beweerde seksuele misbruik geassesseer word. Slegs 73 % dui aan dat die kind se ontwikkelingsvlak geassesseer word. McMahon (1992: 47) beklemtoon die feit dat assessorings by die kind se ontwikkelingsvlak moet aansluit. Slegs die helfte van respondenté dui aan dat die kind se waarheidsbegrip geassesseer word.

**Vraag 9: Beskryf kortliks die assessoringsproses wat u gevolg het.**

N = 15

Die response op hierdie vraag was interessant aangesien nie een van die response ooreengestem het met die literatuur nie. Meyer (1993: 29 en 1995: 268) gee 'n duidelike uiteensetting van die assessoringsproses wat die volgende stappe insluit:

- Eksplorasie
- Toetreding
- Evaluering
- Probleemdefinisie
- Intervensie

Respondente het dié vraag beantwoord deur te verduidelik watter riglyn gebruik word en hoe die riglyn toegepas word. Slegs een respondent het 'n proses wat gevolg word, verduidelik: "Aanvanklike onderhoud en verifiëring van inligting en inligtingsbronne. Vraelyste ten opsigte van veld wat ek wil dek met bepaling van prognose en waar probleem lê. Behandelingsplan ten opsigte van area wat vraelyste aandui, wat probleem is. Vaardigheidsontwikkeling ten opsigte van self en ander en om te "cope" in omstandighede anders as die normale of waaraan die kind gewoond was, hetsy negatief of positief."


Hierdie respons is, tydens 'n werkswinkel op 17 en 18 Junie 2004, om verheldering ten opsigte van die vraelyste te verkry, met die respondenté bespreek. Dit het duidelik na vore gekom dat die maatskaplike werkers, selfs dié wat opleiding in assessorings ontvang het, se teoretiese onderbou ten opsigte van assessorings gebrekkig is.

**Vraag 10: Tot watter mate, op 'n skaal van 1 tot 5, stel die assessoringsriglyn wat u gebruik, u in staat om 'n verhouding met die kind te bou?**

Die vraag is 'n meervoudigekeusevraag. Die skaal waarvolgens respondenten kon reageer, was 1= glad nie, 5 = stel in staat om 'n verhouding te bou. Skaal 5 kon misleidend wees omdat 'n verduideliking van, *stel ten volle in staat om 'n verhouding te bou* die oortreffende trap duideliker sou aandui. Die resultate word in figuur 22 aangedui.

**Figuur 22: Die mate waarin die assessoringsriglyn maatskaplike werkers in staat stel om 'n verhouding te bou**

N= 15



Die reaksie van respondenten word saamgevat en as 'n geheel bespreek. Respondente is van mening dat die tegnieke – veral spelterapie – hulle in staat stel om vinnig 'n verhouding met die kind te bou. Slegs een respondent bou geen verhouding met die kind nie en is slegs gefokus op die inligting wat verkry word. Twee respondenten vind verhoudingsbou moeilik as gevolg van 'n ander kultuur en ontwikkelingsvlak. Die feit dat die maatskaplike werker die kind die eerste keer tydens assessering sien bemoeilik die bou van 'n verhouding.

Aldridge & Wood (1998: 35) en Kaplan & Telford (1998: 17) beklemtoon die belangrikheid van die bou van 'n vertrouensverhouding tussen die terapeut en die kind. Alleen wanneer die kind die terapeut vertrou en aanvaarding ervaar, sal hy veilig voel om sy sensitiewe inligting en emosies te kan deel.

**Vraag 11: Is daar standaardtegnieke wat u tydens die assesseringsproses gebruik?**

N=15

Vraag 11 en 12 hang nou met mekaar saam, aangesien vraag 12 uitbrei op die vorige vraag.

Drie en negentig persent respondenten gebruik standaardtegnieke tydens assesseringsproses terwyl 7% nie standaardtegnieke gebruik nie.

**Vraag 12: Beskryf die tegnieke kortliks.**

Reaksie van respondenten word samevattend weergegee aangesien baie duidelike temas na vore gekom het, wat met literatuur korreleer.

- Die RP-Model waartydens van verskillende spelterapietechnieke, 'n onderhoud met die kind, projeksieprente en 'n onderhoud met die ouers gebruik gemaak (Potgieter, 1993: 75).
- Spelterapietechnieke soos tekeninge, die sandbak, projeksies, sinsvoltooiing en metafore (vergelyk Fox, 1989: 233; McMahon, 1992: 43 en Webb, 2003: 150).
- Opstelle en briewe wat 'n vorm van selfevaluering deur kind is en 'n dagboek – in sekere gevalle veral tieners (Van der Merwe, 1996c: 108).
- Vraelyste (Meyer, 1995: 264).
- Groepsgesprek (Schoeman & Van der Merwe, 1996: 61).
- Onderhoud met die kind (Morgan, 1995: 9).
- Sensoriese en emosionele bewusmaking (Schoeman, 1996b: 42).

Die respondenten het 'n verskeidenheid tegnieke aangedui wat tydens assesseringsproses gebruik word. Al hierdie tegnieke is vorms van speel of spelterapie (vergelyk Schoeman & Van der Merwe, 1996: 61 – 63). Uit die reaksie van respondenten kan dus afgelui word dat daar tydens assesseringsproses hoofsaaklik van spelterapietechnieke gebruik gemaak word.


**Vraag 13: In watter mate, op 'n skaal van 1 tot 5, stel die assesseringsriglyn wat u gebruik u in staat om vas te stel wie die kind is wat u assesseer, met ander woorde is u in staat om vas te stel op watter unieke wyse die kind sy leefwêreld hanteer?**

Soos vraag 10 is dit 'n meervoudigekeusevraag. Die skaal waarvolgens respondenten kon reageer, was 1= glad nie, 5 = stel in staat om die kind te leer ken. Weereens kon skaal 5 misleidend wees, omdat 'n

verduideliking van *stel ten volle in staat om die kind te leer ken* die oortreffende trap duideliker sou aandui. Resultate was soos volg

**Figuur 23: Die mate waartoe die riglyn die maatskaplike werker in staat stel om vas te stel op watter unieke wyse die kind sy leef wêreld hanteer.**

N: 14



### Motiveer en verduidelik u antwoord.

Reaksie van die 14 respondenten wat hierdie vraag beantwoord het (een respondent het nie die vraag beantwoord nie) word samevattend weergegee. Respondente het hierdie vraag beantwoord deur daarna te verwys dat die riglyne wat gebruik word, holisties van aard is en omvattend is. Deur die riglyne is die respondenten in staat om die kind se emosionele, kognitiewe, fisiese en psigiese funksionering waar te neem. Een respondent beklemtoon dat die kind se proses geleidelik vasgestel word. Slegs een respondent beleef frustrasie rondom die volledigheid van die assessorings.

Die navorsers is van mening dat dit die taak van die terapeut is om veel meer te doen as om die kind se funksionering op verskillende vlakke waar te neem. Die terapeut moet kan vasstel op watter manier die kind met die werklikheid omgaan en op watter unieke manier hy sy leefwêreld hanteer (vergelyk Blom, 2004: 83 en Schoeman 1996a:30).

### **Vraag 14: Is daar leemtes in die bestaande assessoringsriglyne wat u gebruik ?**

N = 15

Die reaksie op hierdie vraag het as 'n verrassing gekom aangesien antwoord op vorige vrae gevrees is dat maatskaplike werkers nie probleme met die riglyne ondervind nie. Die vorige vrae kon egter respondenten geprikkel het om meer krities te kyk na die riglyne wat gebruik word, en dus hulle antwoord op hierdie vraag daarvolgens aan te pas. Die reaksie dui aan dat

- Elf (73 %) respondenten aandui dat daar leemtes in bestaande riglyne bestaan.
- Vier (27 %) respondenten geen leemtes in bestaande riglyne ervaar nie.

### **Vraag 15: Wat is die grootste leemtes ? Beskryf kortliks.**

N= 11

Reaksie van respondenten word samevattend vervolgens weergegee:

- Assessering gee nie 'n duidelike beeld ten opsigte van seksuele misbruik nie.
- Dit is moeilik om verantwoording in die hof te doen.
- Die assessering is baie lank en baie uitputtend vir die kind en waardevolle inligting gaan verlore.
- Omdat dit 'n blinde assessering moet wees, kan eie kliënte nie geassesseer word nie.
- Onsekerheid is aanwesig oor toepassing van die tegnieke
- Kinders met gedragsprobleme vereis meer aandag.
- Die fokus van die assessering is te veel op die inwin van inligting en die kind kry nie die geleentheid om emosioneel te ontlaai nie. Die kind word ook nie die geleentheid gegee om beheer te neem nie. Die kind word nie bemagtig nie
- Daar is taal- en kulturele verskille, maar die riglyn is nie kultureel vriendelik nie.
- Die riglyn vereis die beskikbaarheid van 'n speelkamer en waarnemingsfasilitate.

Dit is duidelik dat maatskaplike werkers ernstige leemtes in bestaande riglyne ervaar. Die navorsing wil hierby aansluit en vanuit praktykervaring en die literatuurondersoek die volgende leemtes in bestaande riglyne identifiseer:

- Assessoringsriglyne is nie vanuit 'n spesifieke teoretiese verwysingsraamwerk gefundeer nie (vergelyk Meyer, 1995: 263).
- Die belangrikheid van die vertrouensverhouding tussen die kind en die terapeut word nie genoeg beklemtoon nie (vergelyk Oaklander, 1997: 293).
- Die kind word nie sensories intak gebring nie (vergelyk Murphy, 2001: 4).

- Inligting moet op 'n nie-bedreigende wyse bekom word en die kind moet die geleentheid gegee word om emosioneel te onlaai (vergelyk Steele, 2003: 169). Omdat die assessoringsriglyn streng gestructureer is, is daar nie tyd vir die kind om emosioneel te onlaai nie.
- Die kind moet deurgaans self verduidelik wat bedoel word wanneer 'n antwoord gegee word (vergelyk Lewis, 1999: 49).
- Die assessoring is te lank: kinders vind dit moeilik om vir so 'n lang periode te konsentreer en aandag te skenk (vergelyk Kaplan & Telford, 1998: 13).
- Slegs een onderhoud word gebruik om die assessoring, hetsy kliniese of forensiese assessoring, te doen. Swenson & Hanson (1998: 476) is van mening dat die kind baie selde tydens een onderhoud al die inligting bekend maak.

**Vrae 16 tot 19 is ingevul deur maatskaplike werkers wat nie self kinders assesseer nie.**


Die reaksie op vraag 6 dui aan dat 26 maatskaplike werkers nie self kinders assesseer, en vir vraag 16 tot 19 is N = 26.

**Vraag 16: Wat is u behoeftes ten opsigte van 'n kinderassessering?**

Hierdie was 'n meervoudigekeusevraag is gestel waartydens respondenten meer as een keuse kon uitoefen. Omdat respondenten meer as een keuse aangedui het, is die totale van die persentasies nie van toepassing nie. Figuur 24 gee die reaksie skematis weergawe.

**Figuur 24: Behoeftes ten opsigte van assessoring**

N: 26



## Ander behoeftes ten opsigte van assessoring

- Hoe om beste gebruik te maak van inligting en bevindinge tydens assessoring verkry.
- Ondervind spesifieke kenniselementes ten opsigte van assessoring en spelterapie.

Feitlik die helfte van die betrokke respondenten (45 %) het aangedui dat daar 'n behoeft aan opleiding ten opsigte van assessoring bestaan. 'n Verdere 23 % het 'n behoeft om die assessoringsproses beter te verstaan. Selfs by ander behoeftes is 'n behoeftekennis ten opsigte van spelterapie en assessoring aangedui. Hierdie reaksie dui daarop dat daar by respondenten 'n behoeft aan opleiding ten opsigte van assessoring bestaan.

### Vraag 17: Indien u 'n kind laat assesseer, watter inligting wil u uit die assessoring bekom?

Hierdie vraag kan saamgelees word met vraag 8, waar respondent moes antwoord watter aspekte geassesseer word, en vraag 15, waar leemtes in bestaande riglyne gevind en identifiseer moes word. In hierdie vraag moet respondent aandui watter inligting bekom wil word. Reaksie op hierdie vraag word vervolgens weergegee. Antwoorde wat oorvleuel is soos volg saamgevat:

- Hoe die kind ten opsigte van alle fasette fisies, kognitief, emosioneel en sosiaal in sy huidige opset funksioneer en ten opsigte van watter areas probleme ondervind word, en ook die bindings en aanpassing in die huidige plasing of posisie.
- Trauma, behoeftes, emosies, persoonlikheid, hulbronnes, vaardighede, vermoëns, egokragte, talente, belangstellings, gesinsverhoudinge en leefwêreld. Belewing van die kind se leefwêreld. Indien daar trauma is, wat die effek daarvan op sy lewe en funksionering is.

Response word direk soos volg weergegee:

- "Wat is die kind se behoeftes en wat is die redes vir gedrag, sodat daar 'n doelgerigte behandlingsplan na assessoring saamgestel kan word."
- "Die kind se emosionele ervaring van die situasie. Die kind se emosionele ryheid om die situasie te verwerk. Die holistiese ervaringswêreld van die kind."
- "Verskeidenheid. Intellekturele en emosionele ontwikkeling. Risikofaktore, diagnostering, verifiëring van beweringe, onderliggende oorsake van gedragsprobleme, en aanbevole behandelingsplan."
- "Hoe het die kind se omstandighede hom as mens beïnvloed en (duidelikheid oor die vraag of) die aanbeveling van die maatskaplike werker sy toekoms positief kan verander."

- "Bestaan daar 'n behoefte aan terapie?"
- "Inligting aangaande beweerde seksuele molesterings, gesinsverhoudinge, die uitwerking van trauma om die kind se gedrag."
- "Alle relevante inligting ten einde 'n geheelbeeld te vorm en 'n deurdagte aanbeveling te maak."
- "Dit sal afhang van die rede waarom ek hom stuur vir assessering. Wil mens byvoorbeeld die sukses van beplande terugplasing bepaal, of wil jy weet hoe die omstandighede die kind ge-traumatiseer het."

Interessante inligting het met hierdie vraag na vore gekom. Terapute het naamlik 'n behoefte aan 'n totale beeld van die kind wat 'n behandelingsplan en behoefte aan terapie moet insluit. Baie klem word ook gelê op die emosionele belewenis van die kind. Maatskaplike werkers het 'n behoefte daaraan dat verhoudings en bindings geassesseer moet word. Sutton (1999: 97) sluit hierby aan wanneer sy assessering beskryf as die proses waartydens inligting ten opsigte van die kind en sy omstandighede ingewin word. Verbande word tussen inligting getrek om 'n geheelbeeld van die kind en sy situasie te vorm. Tydens die proses word die belangrike persone in die kind se lewe identifiseer, en die kind se emosionele belewenis van die persone en situasies in sy leefwêreld word vasgestel (Webb, 2003: 60 –61).

Die reaksie op vraag 8 en 15 het veral klem gelê op die behoefte aan die assessering rondom seksuele misbruik. Die reaksie op hierdie vraag het aangedui dat maatskaplike werkers 'n behoefte het aan 'n holistiese beeld van die kind.

#### **Vraag 18: Voldoen assessorings waarvoor u kinders verwys aan u verwagtinge?**

##### **N: 28**

Alhoewel dié vraag gerig was op respondenten wat nie self assessering doen nie, is die vraag ook deur twee respondenten beantwoord wat wel self assesseer maar tog ook kinders verwys vir assessering. Hierdie vraag was 'n "ja"- "nee"-antwoord, maar respondenten het 'n derde kategorie, naamlik *Nie altyd nie* bygevoeg. Die reaksie van respondenten het getoon dat

- 50 % ( f=14) tevrede is met die assessering wat gedoen word.
- 29 % ( f=8) nie tevrede is met die assessering wat gedoen word nie.
- 21% ( f=6) nie altyd tevrede is met die resultate van assessering nie.

Ewe veel respondente het aangedui dat hulle tevrede (50 %) en nie tevrede ( 29 % en 21 %) is met die resultate van assessorings nie. Dit is belangrik dat hierdie vraag saam met vraag 19 gelees word sodat 'n volledige beeld verkry kan word.

### **Vraag 19: Verduidelik en motiveer u antwoord in vraag 18.**

Die reaksie van respondenten word verdeel volgens positiewe en negatiewe reaksie. Vervolgens word die positiewe reaksie woordeliks weergegee:

- "Ja, ek kon telkens 'n behandelingsplan opstel of 'n gesikte plasing aanbeveel."
- "Kinders maak oop en verbaliseer hulle ervarings. Assessorings gee indikasies van mees gesikte plasing."
- "Dit is 'n baie omvattende assessoringsproses."
- "Baie deeglik. Afstand is enigste probleem."
- "Die persoon wat die assessorings doen, poog om die kind in sy totaliteit waar te neem."
- "Die oorgrote meerderheid van inligting wat bekom word, is akkuraat en kan effektief in statutêre prosesse aangewend word."
- "Gee leiding ten opsigte van verdere dienslewering."
- "'n Maatskaplike werker in privaat praktyk doen dit deur onderhoudsvoering, kan nie (self) soveel inligting so vinnig en gemaklik kry nie"

Die deurlopende tema in die positiewe reaksie is dat daar voldoende en korrekte inligting bekom word en die maatskaplike werker in staat is om voort te gaan met dienslewering.

Negatiewe reaksie word vervolgens ook woordeliks weergegee:

- "Dikwels te eensydig, of te vaag, nie wetenskaplik verantwoordbaar, nie geldig of grondig (blote afleidings), nie aanwendbaar in hofverslae nie."
- "Baie assessorings is nie volledig genoeg nie. Fokus op aspekte wat nie op saak betrekking het nie."
- "Because during assessment (you) social worker must respect the values of the child. It sometimes are becoming barriers of information."
- "Hang af wie die assessorings doen en watter aspekte geëvalueer word ten opsigte van verhoudinge, seksuele misbruik , verlies, ens."
- "Formuleer duidelik in verwysing wat benodig word uit assessorings. Indien onduidelikhed, reël persoonlike onderhoud of gevallekonferensie. Anders word verlangde inligting nie gekry nie."

- "Omdat ek nie altyd tyd het om assessering te doen soos wat ek wil nie en die proses nie skade aandoen nie, verwys ek. Verslae nooit deursigtig nie, so versigtig saamgestel dat ek nie inligting kan gebruik vir behandelingsplan nie."
- "Probleme word ondervind om geskikte en bereidwillige werkers te kry vir 'n saak waar die kinders geassesseer moet word."
- "Op die platteland met beperkte hulpbronne word kinders soms geassesseer deur sielkundiges wat nie in die hantering van die kind spesialiseer nie. Sielkundeterminologie word soms beleef as niksseggend en oppervlakkig en aanbevelings is soms onrealisties en nie in lyn met maatskaplikewerkbeleid nie."
- "Partykeer is 'n bietjie meer inligting of 'n tweede opinie beter as niks."

Respondente wat tevrede met assessering is, is hoofsaaklik tevrede omdat dit deeglik gedoen word en werkers daarna in staat is om 'n behandelingsplan op te stel. Ontvrede respondente se beswaar is dat verslae vaag is en nie bruikbaar is in die hof nie. In beide gevalle is dit duidelik dat die persoon wat die assessering doen, en die aard en omvang van die assessering, 'n geweldige belangrike rol speel.

#### ***Vrae 20 tot 30 is deur al die maatskaplike werkers ingevul.***

Aangesien 41 maatskaplike werkers die vraelys ingevul het, is N= 41 vir vragen 20 tot 30.

**Vraag 20: Watter rol speel die terapeutiese verhouding, tussen die kind en die terapeut, in assessering?**

N = 41

Ses respondente het aangedui dat hulle nie hierdie vraag kan antwoord nie as gevolg daarvan dat hulle nie genoeg kennis ten opsigte van die onderwerp het nie. Die res van die respondente het deurgaans dieselfde respons gegee, naamlik dat die terapeutiese verhouding 'n baie belangrike rol speel. Ter verduideliking word die volgende reaksies aangehaal:

- "Gevestigde terapeutiese verhouding lei daar toe dat die kind die terapeut makliker vertrou sodat inligting wat benodig word, makliker verkry word."
- "'n Groot rol. Die kind moet die terapeut vertrou en nie negatief wees nie – dit sal die uitkoms beïnvloed."

- "Skep van 'n veilige omgewing (vertrouensverhouding). Bemagtiging om kind die geleentheid te gun om sy ervaringe te deel. Bekom van waardevolle, benutbare inligting – om sukses te behaal."
- "In enige werksaamhede moet die kind met 'n maatskaplike werker speel 'n terapeutiese verhouding 'n kardinale rol in veral ten opsigte van toekomsbeplanning en terapie."


Vanuit bovenoemde is dit duidelik dat maatskaplike werkers van mening is dat die terapeutiese verhouding tydens assessering 'n beduidende rol speel (Aldridge & Wood 1998: 35 en Kaplan & Telford 1998: 17). Indien die maatskaplike werker in staat is om 'n verhouding met die kind te bou, sal die kind bereid wees om binne die veiligheid van die verhouding inligting te deel.

**Vraag 21: Sou waarde toegevoeg word aan assessering indien verhoudingsbou as komponent geïnkorporeer word in die assessoringsriglyn?**

Hierdie vraag kan as 'n leidende vraag beskou word. Neuman (1997: 235) beskou 'n vraag as leidend indien die navorsing die respondente laat agterkom watter antwoord verwag word. Die vraag is 'n meervoudige keusevraag met vyf keuses waarvan drie keuses 'ja' as 'n antwoord insluit (vergelyk figuur 25). Die vraag dien egter wel as kontrolevraag op vraag 20.

**Figuur 25: Die waarde wat verhoudingsbou tot assessering sou toevoeg**

N: 41



Alhoewel al die respondenten met die vorige vraag daarvan oortuig was dat die terapeutiese verhouding 'n baie belangrike rol in assessering speel, weerspreek die reaksie op dié vraag hierdie antwoord. Slegs 18 % (f=7) respondenten is van mening dat verhoudingbou beslis waarde sou byvoeg tot assessering. Drie en sewentig persent (f=30) is van mening dat dit wel waarde sal byvoeg, terwyl 9 % (f=4) van mening is dat verhoudingbou geen waarde sal byvoeg nie.

Schoeman (1996a: 30) is van mening dat geen kind bereid sal wees om met 'n vreemdeling te speel of geheime te deel nie. Binne 'n stabiele vertrouensverhouding sal 'n kind bereid wees om sy diepste geheime te deel sonder die vrees van verwering.


Na aanleiding van die voorafgaande is die navorsers van mening dat verhoudingbou daartoe bydra dat die kind op 'n spontane wyse sy diepste geheime sal deel. 'n Vertrouensverhouding waarbinne die kind aanvaarding en warmte beleef, verminder die trauma van assessering. Die Gestaltterapeut gebruik dialoog binne die verhouding om die kind te bereik eerder as om die kind te manipuleer. Die terapeut tree toe tot die proses deur aanvaarding, warmte, 'n ware omgee en selfverantwoordelikheid aan die kind oor te dra (vergelyk Crocker et al, 2001: 4).

**Vraag 22: In watter mate, op 'n skaal van 1 tot 5, toets of bepaal bestaande assessoringsriglyne emosionele bewustheid by die kind? Hiermee word bedoel of die riglyn kan bepaal watter emosies die kind beleef en wat die emosies veroorsaak.**

Hierdie vraag is 'n meervoudigekeusevraag. Die skaal waarvolgens respondenten kon reageer, was 1 = Glad nie, 5 = Kan wel bepaal. Reaksie op hierdie vraag word skematies in figuur 26 weergegee.

**Figuur 26: Die mate waarin bestaande riglyne emosionele bewustheid van die kind bepaald**

**N = 41**



Sewentien persent ( $f=7$ ) respondenten het aangedui dat hulle nie weet of bestaande riglyne die emosionele bewusheid van die kind bepaal nie, terwyl 7 % ( $f=3$ ) aangedui het dat emosionele bewusheid glad nie of in 'n mate bepaal word. Ses en sewentig persent ( $f=31$ ) respondenten dui aan dat emosionele bewusheid wel bepaal word.

Vraag 22 en vraag 23 word saam bespreek aangesien die reaksie van respondenten op hierdie vraag 'n eenheid vorm.

**Vraag 23: Het u 'n behoefte dat 'n riglyn bogenoemde moet kan toets of bepaal?**

N: 41

Respondente se reaksie toon dat

- 88 % 'n behoefte toon aan 'n riglyn om emosionele bewussyn te bepaal.
- 10 % nie weet wat emosionele bewusheid is nie.
- 2 % nie 'n behoefte het aan 'n riglyn wat emosionele bewusheid bepaal nie.

**Motiveer asseblief u antwoord.**

Reaksie op hierdie vraag word direk weergegee:

- "Die tipe emosies wat die kind beleef en wat dit veroorsaak, kan lig werp op die kind se trauma wat hy beleef het en watter rol dit speel in die funksionering van die kind."
- "Dit is belangrik om te weet watter emosies die kind beleef en wat dit veroorsaak omdat dit 'n rol speel by die plasing en/of hantering van die kind."
- "Dit kan nie andersins bepaal word deur 'n gewone gesprek nie. Hulpmiddels nodig."
- "Sodat op kind sevlak toegetree kan word en sy belewenisse empaties benader kan word."
- "Assessering het ten doel om emosies van kind te bepaal."
- "Dit is tog noodsaaklik om die kind se emosionele behoeftes en fisiese behoeftes te korreleer. 'n Kind is nie altyd in staat om sy emosionele ervaring verbaal uit te druk nie."
- "'n Kind wat nie emosioneel bewus is nie, sal nie uitdrukking kan gee aan sy werklike 'issues' of behoeftes nie."
- "Weet nie of dit moontlik is nie. Vir my is emosies baie belangrik."
- "Dit is soms moeilik vir kinders om hulle emosies en oorsake daarvan te identifiseer. Enige moontlike riglyn sal behulpsaam wees."
- "In bestaande riglyn word daar kortliks aandag daarvan gegee en sal dit waardevol wees as terapeut seker is dat kind emosies kan onderskei."

- "Kinders vind dit soms moeilik om hul emosies in woorde uit te druk, of om self te besef watter emosie hul gedrag weerspieël."
- "Kinders se emosies wissel baie, maar die huidige riglyne is teoreties van aard en spreek nie die psigiese sy aan nie."
- "Kinders verbaliseer nie altyd hul gevoelens en emosies nie. Dit is van groot belang om hul te help hulself uitdruk."

Alhoewel 76 % respondenten in vraag 22 aandui dat bestaande riglyne emosionele bewussyn bepaal, het 88 % respondenten in vraag 23 'n behoefte aan 'n riglyn wat wel emosionele bewussyn bepaal. Uit die motivering vir die respons is dit duidelik dat respondenten 'n werklike behoefte het aan so 'n riglyn. Die teenstrydigheid in die twee reaksie kan 'n aanduiding wees dat respondenten onseker is ten opsigte van wat emosionele belewenis beteken of onseker is of bestaande riglyne wel emosionele belewenis bepaal.

Volgens Oaklander (1988: 122) is dit nodig dat 'n kind bewus moet wees van verskillende emosies om sodoende sy eie gevoelens uit te druk. Bewustheid is egter meer as om bloot bewus te wees van dit wat die kind voel. Elke ervaring wat sien, hoor, ruik, voel en proe insluit, verhoog die kind se bewussyn en emosionele ervaring (Schoeman, 1996a: 30). Dit is die taak van die terapeut om vas te stel of die kind bewus is van dit wat hy ervaar en verskillende tegnieke kan hiervoor gebruik word (vergelyk Oaklander, 1988: 122).


**Vraag 24: Volg u 'n assessering, wat deur u self of 'n ander gedoen is, op met terapie vir die betrokke kind ?**

Hierdie vraag dui op die doel van assessering, waar assessering die begin van die intervensieproses is. Meyer (1993: 40) stel dit soos volg: "*Assessment has a singular purpose, and that is to rigorously support clinical interventions.*" Daar sou dus van maatskaplike werkers verwag word om assessering met terapie op te volg. Die enigste uitsondering sal wees wanneer 'n terapeut spesialiseer in assesseering (McMahon, 1992: 56) of wanneer assessering die doel van die terapeut is. Die kind word dan gewoonlik verwys vir terapie.

Fig 27 toon skematisies die reaksie op hierdie vraag.

### Figuur 27: In watter mate word assessering deur terapie opgevolg?

N: 41



Een en sestig persent ( $f=25$ ) respondenten volg assessering met terapie op, terwyl 39% ( $f=16$ ) respondenten die kind assesseer of laat assesseer sonder om dit op te volg met terapie. Verskeie outeurs soos Meyer (1993: 17), Turner (2002: 85) en Webb (2003: 60) beklemtoon die feit dat assessering aan die begin van die intervensieproses plaasvind en dat 'n behandelingsplan hieruit moet voortvloei.

#### Motiveer asseblief u antwoord.

Die motivering vir die doen van terapie word in die volgende kategorieë verdeel:

- Assessering word nie opgevolg met terapie nie omdat die werksdruk te groot is en werkers nie oor die tyd beskik nie.
- Maatskaplike werkers het nie genoeg kennis nie
- Mits aanbeveel word. Assessering sonder opvolging indien van toepassing, rig skade aan en belemmer latere hulpverlening.
- Die assessering dien as 'n riglyn vir die werker se terapeutiese intervensie.
- Indien moontlik. Daar is ook finansiële implikasies wat somtyds nie terapie moontlik maak nie.
- Volg wel assessering met terapie op anders is assessering nutteloos.

Indien die assessering nie opgevolg word met terapie nie sou dit dui op 'n moontlike misbruik van die maatskaplike werker se mag. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker seker moet maak wat die doel van assessering is en nie die kind laat assesseer indien dit nie nodig sou wees nie.

**Vraag 25: Is bestaande assessoringsriglyne, volgens u kennis, gegrond op 'n spesifieke teoretiese verwysingsraamwerk?**

N= 41

Vrae 25 tot 30 vorm 'n eenheid en handel oor 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir assessoring.

Reaksie op vraag 25 was soos volg:

- Volgens 49% (f=20) respondentie is bestaande assessoringsriglyne op 'n spesifieke teoretiese verwysingsraamwerk gegrond.
- Twaalf persent (f=5) respondentie weet nie, antwoord nee of antwoord nie die vraag nie.
- Nege en dertig persent (f=16) respondentie is onseker.

**Vraag 26: Watter teoretiese verwysingsraamwerk word gebruik as die vertrekpunt van die riglyn wat u benut?**

N= 41

Alhoewel die helfte van respondentie in die vorige vraag aangedui het dat assessoringsriglyne na hulle wete op spesifieke teoretiese verwysingsraamwerke gegrond is, het reaksie op vraag 26 getoon dat hierdie reaksie moontlik nie betroubaar is nie. Respondente was in die meeste gevalle nie in staat om die teoretiese verwysingsraamwerk te benoem of te beskryf nie. Respondente was wel in staat om die model of riglyn te noem.

Reaksies op die vraag was soos volg:

- RP-model
- Eklektiese benadering
- Eko-sistemies
- Persoongesentreerde eko-sistemiese benadering.
- Gedragsterapie.
- Gestaltterapie
- Vertrouensverhouding
- Geheelbenadering. Psigo-dinamiese formulering.
- Sielkundige, opvoedkundige en ontwikkelingsraamwerke.
- Psigososialefunksionering-inventaris vir voorskoolse, laerskool- of hoërskoolkinders.

- Departement van Maatskaplike werkdienste se "Development Assessment of Children Youth and families" asook "Australiese tegniek."

Die reaksie van respondenten toon dat maatskaplike werkers nie oor die nodige teoretiese agtergrond beskik om te onderskei wat 'n teoretiese verwysingsraamwerk is, en wat 'n riglyn of 'n beginsel in maatskaplike werkteorie is nie. Indien menings nie teoreties verantwoord kan word nie, is dit 'n vraag of maatskaplike werkers wat die statutêre proses moet begelei, kredietwaardig kan wees. Merrell (1999: 3) huldig die volgende mening:

*Without a solid theoretical background and orientation, the assessor is relegated to the role of a technician or tester, and no matter how skilled, may never integrate the assessment findings to the subject's past and future with an adequate degree of continuity or unity.*

**Vraag 27: Indien daar wel 'n teoretiese verwysingsraamwerk gebruik word, watter waarde kan so 'n verwysingsraamwerk toevoeg tot die assessoringsriglyn?**

N= 41

Reaksie op die vraag was soos volg:

- Die helfte ( $f=21$ ) van die respondenten was van mening dat 'n teoretiese verwysingsraamwerk wel waarde tot 'n assessoringsriglyn sou voeg.  
Volgens respondenten sou die volgende waarde bygevoeg word (en die reaksie word direk weergegee):
  - "Assessering meer doelgerig maak."
  - "Meer spesifiek gewerk word."
  - "Beslis. Dit sal kontinuïteit, wetenskaplikheid, geldigheid, betroubaarheid en eenvormigheid bevorder."
  - "Betroubaarheid."
- Vyf en dertig persent ( $f=14$ ) respondenten was van mening dat 'n teoretiese verwysingsraamwerk geen waarde tot 'n assessoringsriglyn sou voeg nie.
- Vyftien persent ( $f=6$ ) respondenten het aangedui dat hulle nie die kennis het om 'n mening te gee nie.


Alhoewel hierdie vraag as 'n leidende vraag beskou kan word, dien dit ook as kontrolevraag op die vorige vroeë. Die reaksie van respondenten het as 'n verrassing gekom aangesien die indruk in reaksie op vraag 26 geskep is dat groot onkunde ten opsigte van teoretiese verwysingsraamwerke bestaan. 'n Teoretiese onderbou dra daar toe by dat die werker begrippe en konsepte teoreties verantwoord (vergelyk Merrell, 1999: 9).

#### **Vraag 28: Is daar 'n spesifieke teoretiese raamwerk wat u kan voorstel?**

Reaksie op hierdie vraag versterk afleidings wat met vraag 26 gemaak is. Respondente se reaksie word in figuur 28 aangedui.

**Figuur 28: Voorgestelde teoretiese verwysingsraamwerk**

N: 41



Sewentig persent respondenten het aangedui dat hulle nie in staat is om 'n teoretiese verwysingsraamwerk voor te stel nie. Die motivering hiervoor is dat respondenten nie oor die nodige kennis beskik nie. Tien persent respondenten het Gestaltterapie as 'n moontlike teoretiese verwysingsraamwerk voorgestel. Die navorsers vermoed dat hierdie reaksie verkry is as gevolg van die wyse waarop die steekproef gedoen is, naamlik 'n nie-waarskynlike steekproef waartydens beskikbare persone gebruik is (vergelyk Strydom & Venter, 2002: 199 en Zaaiman, 2003: 35). Respondente is maatskaplike werkers werkzaam by die SAVF in die vier noordelike provinsie en KwaZulu-Natal. Die Universiteit van Pretoria dien as voedingsbron vir die organisasie. Gestaltspelterapie word by die universiteit aangebied. Opleiding in Gestaltspelterapie word ook deur die Sentrum vir Spelterapie en Opleiding by Hugenotekollege aangebied. Dié opleiding is deur heelwat maatskaplike werkers in diens van die SAVF bygewoon. Dit is

dus duidelik dat die respondent oor 'n voorafkennis van Gestaltterapie kon beskik, wat die reaksie kon bei invloed het.

### **Vraag 29: Indien wel, wat is die basiese uitgangspunte van die teorie?**

Hierdie vraag het as 'n kontrolevraag gedien ten opsigte van die vorige vraag. Respondente kon nie werklik die uitgangspunte van verskillende teorieë beskryf nie. Die volgende basiese uitgangspunte is wel verduidelik:

- Persoonsgesentreerd. Elke kind is uniek. Die unieke potensiaal van elke kind sal alleenlik verwezenlik word as die kind toenemend bewus word, deur middel van terapie, van sy eie werklike behoeftes, waardes, sterkpunte en vaardighede (vergelyk Sweeney & Landerth, 2003: 76).
- Gestaltterapie. Hoe die individu in sy omgewing funksioneer. Fokus op die hier en nou (vergelyk Oaklander, 2003: 143).
- Eko-sistemiese teorie. Persoon staan in verhouding tot ander sisteme in die gesin en elke sisteem het 'n invloed op die persoon of gesin (vergelyk O'Connor & New, 2003: 243).
- Eklekties. Die teorie se uitgangspunt is om outonomie te skep, trauma te verwerk en oorsaak en gevolg vas te lê. Merrell (1999: 9) verduidelik 'n eklektiese model as 'n verskeidenheid van tegnieke wat gebruik word sonder 'n spesifieke teoretiese onderbou.

Tydens die besprekingsessie tydens 'n werkswinkel op 17 en 18 Junie 2004 het dit duidelik na vore gekom dat die respondent nie werklik kennis dra van verskillende teoretiese verwysingsraamwerke nie. Daar word wel sekere teorieë toegepas maar sonder 'n noodwendige teoretiese kennis van wat die teorie behels.

### **Vraag 30: Watter leerbehoeftes het u ten opsigte van assessorering?**

N= 41

Leerbehoeftes van respondenten is saamgevat en in die volgende temas verdeel:

- Praktiese opleiding om assessorering te doen. Hier word metodes, tegnieke en voorbeelde ingesluit.
- Opleiding ten opsigte van die assessoringsproses wat die doel, omvang en prosedure van assessorering is.
- Om op die hoogte te kom van teorie.
- Die opstel van 'n behandelingsplan met behulp van assessorering.
- Om die inligting wat bekom word op 'n regsvantwoordbare wyse aan te wend.

- Inligting ten opsigte van forensiese assessering sodat seksuele misbruik geïdentifiseer kan word.

Uit die reaksie van respondenten is dit duidelik dat hulle leerbehoeftes oor 'n wye veld versprei is. Hierdie behoeftes kan ook beskou word as spesifieke leemtes ten opsigte van assessering wat by respondenten bestaan.

### Vraag 31: Opmerkings

N= 10

Algemene opmerkings ten opsigte van assessering is verwag van respondenten. Die volgende reaksie is verkry en word verbatim weergegee:

- "As gevolg van hoë gevallenladings is assessering nie moontlik nie."
- "Assessering is nie 'n noodsaaklike deel van die statutêre proses nie."
- "'n Wye verskeidenheid hulpmiddels sal handig wees, aangesien elke individu verskil en verskilende voorkeure het."
- "Assessering is baie belangrik en speel 'n kardinale rol in effektiewe dienslewering van maatskaplike werkers."
- "Is ons assessering net so professioneel aanvaarbaar soos 'n sielkundige s'n en hoekom word 'n sielkundige se evaluering/assessering eerder aanvaar as 'n maatskaplike werker s'n?"
- "Alle maatskaplike werkers behoort te kan assesseer. Waarom is dit tans 'n "gesogte" vaardigheid deur 'n paar "elite" werkers wat honderde rande vra vir hierdie "verborge kennis"? Dit behoort die kennis en vaardigheid van elke werker te wees wat met kinders werk."
- "Assesserings moet lekker wees vir die kind. Kind moet nie bang voel nie. Moet sekuriteit beleef ná 'n assessering."
- "Die vraelys het my gemotiveer om leeswerk oor Gestaltterapie te doen."
- "The worker was unable to fill in all the questions because she couldn't understand Afrikaans."
- "Assesserings van tieners (spesifiek)"

Reaksie van respondenten was uiteenlopend van die beklemtoning van die noodsaaklikheid van assessering tot die feit dat assessering as onnodig beskou word. Die rol van die maatskaplike werker tydens assessering word ook beklemtoon. Interessant is die feit dat na assesseering as 'n gesogte vaardigheid verwys word, asook die feit dat ander professies se assessering oenskynlik meer aanvaarbaar is. Die navorsers is van mening dat 'n gebrek aan 'n kennisbasis ten opsigte van assessering hierdie

wanper-sepsies tot gevolg het. Assessering is alreeds sedert 1917 deel van die maatskaplikewerkproses, maar word teoreties verwaarloos. (vergelyk Meyer, 1995: 261).

Vervolgens word inligting soos verkry vanuit die fokusgroepbespreking bespreek.

#### 4.3.2 FOKUSGROEPBESPREKING

Die navorsers het 'n fokusgroepbespreking gebruik om beter begrip te ontwikkel vir die respondenten se mening. Die fokusgroepbespreking het ook as 'n aanvullende bron van inligting, naas die vraelys, gedien (Greef, 2002: 306). Die fokusgroep het bestaan uit nege maatskaplike werkers werkzaam in die Limpopo-provincie. Die samestelling en doel van die fokusgroep is volledig in 4.2.2 bespreek.

Die fokusgroepbespreking is in volgende temas verdeel:

- Wat is assessering?
- Aspekte om in gedagte te hou tydens assessering.
- Probleme wat maatskaplike werkers ondervind ten opsigte van assessering.
- Leemtes ten opsigte van bestaande assessoringsriglyne wat geïdentifiseer kan word.
- Behoeftes wat maatskaplike werkers ten opsigte van assessering het.
- Vrae ten opsigte van assessering en 'n teoretiese verwysingsraamwerk.
  - Is bestaande assessoringsriglyne volgens jou kennis gegrond op 'n spesifieke teoretiese verwysingsraamwerk?
  - Watter teoretiese verwysingsraamwerk?
  - Watter waarde, indien enige, sal 'n teoretiese verwysingsraamwerk kan toevoeg tot die assessoringsriglyn?

Die vraelys is as riglyn gebruik by die opstel van die vroeë wat tydens die fokusgroepbespreking gevra is. Vrae is aan die hand van die fokusgroepriglyn aan die deelnemers gestel (vergelyk bylae 2). 'n Video-opname is van die fokusgroepbespreking gemaak en later getranskribeer. Die data verkry, word samevattend weergegee.

Die hooftemas en onderskeie sub-temas word vervolgens bespreek. N = 9

## **Wat is assessering?**

- Assessering is die proses waartydens inligting ten opsigte van die kind verkry word. Hier tydens word vasgestel wat met die kind gebeur het sodat die hofverslag geskryf kan word (vergelyk Sutton, 1999: 97).
- Assessering is 'n veelseggende manier om inligting ten opsigte van die kind se emosionele belewenis en funksionering te verkry (vergelyk Sutton, 1999: 97).
- Assessering is 'n nie-bedreigende wyse om inligting ten opsigte van die kind te verkry (vergelyk Webb, 2003: 60).
- Assessering is die begin van die hulpverleningsproses en word gebruik om vir die kind se toekoms te beplan (vergelyk Meyer, 1993: 2).

In teenstelling met hierdie verduidelikings van wat assessering is, het van die maatskaplike werkers aangedui dat hulle nie veel kennis dra van wat assessering is nie. Hierdié onkunde word toegeskryf aan 'n leemte in die opleiding van die ouer maatskaplike werkers wat 'n geruime tyd gelede opgelei is. Miller & O'Byrne (2002: 8) sluit hierby aan:

*Traditionally, social work texts have expressed agreement that assessment is a key element in social work practice because, without it, workers would be left to react to events and intervene in an unplanned way.... Having agreed on the centrality of assessment in the social work process, text then dismiss the subject in a few pages.*

Hierdie mening bevestig die navorsers se mening dat daar 'n leemte in die literatuur bestaan ten opsigte van die bespreking en beskrywing van die assessoringsproses.

## **Aspekte om in gedagte te hou tydens assessering.**

Maatskaplike werkers het die volgende aspekte tydens assessering as belangrik beskou:

- Maatskaplike werkers met baie praktykervaring is gewoonlik meer geloofwaardig as jonger maatskaplike werkers.
- Assessering is meer suksesvol indien daar 'n vertrouensverhouding tussen die maatskaplike werker en kind bestaan (vergelyk Schoeman 1996a: 30).
- Een assessoringssessie is nie altyd voldoende nie. Die noodsaak bestaan dat inligting met 'n tweede of derde sessie gekontroleer moet word (vergelyk Swenson & Hanson 1998: 476).

- Inligting wat van die kind verkry word, moet deur ander bronne bevestig word. Die maatskaplike werker moet daarop bedag wees om altyd op 'n etiese wyse op te tree wanneer inligting verkry of gekontroleer word (vergelyk Webb, 2003: 63).

Die reaksie van die respondentē lê klem op die feit dat assessering nie 'n enkelvoudige proses is nie. Assessering is 'n denkproses waartydens die terapeut alle relevante inligting oorweeg wat die maak van besluite kan beïnvloed. Tydens die proses is die terapeut as persoon betrokke en is die verwysingsraamwerk wat die kennisbasis vorm, etiese oortuigings sowel as wetgewing, aspekte wat die assessingsproses beïnvloed (vergelyk Meyer, 1993: 4 - 6).

### **Probleme wat maatskaplike werkers ondervind ten opsigte van assessering.**

Maatskaplike werkers sien assessering as 'n tydrowende proses en voel dié feit veroorsaak dat hulle nie altyd 'n volledige assessering doen nie. Die feit dat daar soveel partye betrokke is by die statutêre proses veroorsaak dat daar nie 'n behoorlike assessering gedoen word nie. So baie tyd word aan administratiewe aspekte en ander rolspelers bestee dat daar nie tyd is om die kind deeglik te assesseer nie. As gevolg van 'n gebrek aan kennis word daar hoofsaaklik op die ouers en die gesinsagtergrond gefokus en word daar baie keer slegs 'n kort onderhoud met die kind gevoer. In teenstelling hiermee gebeur dit dat die kind deur al die rolspelers ondervra word en dat die inligting vir soveel persone herhaal moet word dat die kind tydens die assessering nie bereid is om inligting te deel nie. Maatskaplike werkers vind dit moeilik om 'n verslag ten opsigte van die assessering te skryf aangesien dit maklik is om feite weer te gee wat mekaar weerspreek.

Uit die reaksie van respondentē is dit duidelik dat assessering as 'n doel op sy eie beskou word, en nie noodwendig as deel van die intervensieproses nie. Respondente is ook van mening dat intervensie kan geskied sonder dat assessering plaasvind. Hierdie mening is teenstrydig met die literatuur waar assessering as die proses omskryf word waartydens inligting ten opsigte van die kind en sy situasie ingesamel word (vergelyk Baker, 2003: 30; Gregory, 2000: 33; Merrell, 1999: 10; Sutton, 1999: 97; Timberlake & Cutler, 2001: 137 en Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995: 37).

### **Leemtes ten opsigte van bestaande assesseringsriglyne wat geïdentifiseer kan word.**

Dié groep het ekometriese toetse, assessering deur sielkundiges, en die RP- Kliniese sowel as Forensiese modelle as assesseringsriglyne geïdentifiseer.

Leemtes wat geïdentifiseer is, kan in twee sub-groepe verdeel word, naamlik terugvoer ná assessering en die assesseringsproses self. Die volgende leemtes is deur maatskaplike werkers in bestaande riglyne geïdentifiseer:

- Terugvoer ten opsigte van assessering:
  - Inligting verkry vanuit die kliniese sowel as forensiese assessering word baie keer slegs verbaal aan die ondersoekende maatskaplike werker oorgedra en het nie veel waarde tydens die hofondersoek nie.
  - Die verslag wat voorsien word, word dikwels in die hof aangeval. Daarom word die stelling dikwels gemaak dat die skrywer van die verslag 'n ander aanbeveling sal maak indien ander inligting onder sy of haar aandag kom.
  - Hierdie assesseringsverslae dra nie altyd gewig in die hof nie aangesien daar baie keer van aannames, afleidings en gevolgtrekkings gebruik gemaak word.
  - 'n Groot frustrasie vir maatskaplike werkers is dat hulle van mening is dat die Howe slegs in feite belangstel. As gevolg van ingewikkelde omstandighede is dit nie altyd moontlik om al die feite weer te gee nie, en word feite ook soms subjektief weergegee.
  - Nog 'n leemte is dat maatskaplike werkers van mening is dat die persoon wat die assessering doen, slegs inligting bevestig wat aanvanklik deur die (verwysende) maatskaplike werker gegee is.

Die reaksie van respondentie het weereens die rol beklemtoon van die persoon wat die assessering doen. Die regstelsel plaas klem op feite om tot 'n besluit te kom. Die maatskaplike werker het die taak om die feite van 'n situasie met die behoeftes van die kind te balanseer (vergelyk Milner & O'Byrne 2002: 19 - 23). Die kriteria vir die maatskaplike werker om die balans te bereik, is om altyd dit wat in die beste belang van die kind is voorop te hou (vergelyk Department of Welfare, 1998: 1).

- Die assesseringsproses
  - Die riglyn is baie lank en dis moeilik om die kind se konsentrasie te behou.
  - Die ekometriese skale kan as een projeksie beskou word en moet deur ander inligting aangevul word om 'n geheelbeeld te verkry.
  - Assessering gee baie keer meer inligting ten opsigte van die kind se emosionele toestand as feite en die hof stel belang in feite.
  - Die riglyn moet aangepas word by elke kind sodat al die behoeftes van die kind in ag geneem word.
  - Assessering is 'n negatiewe belewenis vir die kind.

Oor die algemeen is maatskaplike werkers van mening dat bestaande assesseringsriglyne wel aan behoeftes in die praktyk voldoen, maar dat daar leemtes binne die riglyne bestaan. Aan hierdie behoeftes van maatskaplike werkers kan aandag gegee word indien die regte vrae gevra en geantwoord word. Vrae soos 'Wat is die doel van die assessering?'; 'Wat wil bereik word met die assessering?' en 'Wat is die probleem wat aandag moet kry?' Assessering is sowel 'n proses as 'n produk, met ander woorde die proses van die verkryging van inligting en die produk van die proses, naamlik die formulering van 'n standpunt waartydens al die relevante inligting saamgevat word (vergelyk Potgieter, 1998: 143).

### **Behoeftes wat maatskaplike werkers ten opsigte van assessering het.**

Maatskaplike werkers het die volgende geïdentifiseer:

- Die assesseringsproses moet binne 'n vertrouensverhouding plaasvind. Dit is die enigste situasie waarbinne die kind bereid sal wees om inligting te deel.
- Tydens assessering is dit nodig om sowel die kind se emosionele belewenis te bepaal as om feite vir die hofondersoek te bekom.
- Maatskaplike werkers het 'n behoefte aan 'n assesseringsriglyn wat hulle in staat sal stel om 'n volledige verslag ten opsigte van die kind te skryf. Inligting vir hierdie verslag moet bevestig kan word sodat die verslag deur die hof aanvaarbaar sal wees.
- Respondente het aangedui dat hulle 'n behoefte het aan 'n assesseringsmodel wat deur 'n teoretiese verwysingsraamwerk gefundeer is.

Die reaksie van respondente sluit aan by Webb (2003: 98) se omskrywing van wat assessering is: "*Assessment is a complex and systematic process, requiring discipline, patience, the ability to apply a body of knowledge, and sensitivity to clients' strengths and their unique individual and cultural profiles.*"

Die navorsers is van mening dat 'n assesseringsriglyn wat gefundeer is vanuit 'n bepaalde teoretiese verwysingsraamwerk, en wat die maatskaplike werker in staat stel om terapeutiese beginsels toe te pas, aan die behoeftes van maatskaplike werkers sal voldoen. Assessering is 'n komplekse proses wat nie noodwendig al die vrae van die maatskaplike werker en die hof kan beantwoord nie. Die maatskaplike werker moet bewus wees van die feit dat assessering nie 'n eenmalige gebeurtenis is nie en voortdurend aangepas en uitgebrei behoort te word (vergelyk Webb, 2003: 60).

### **'n Teoretiese verwysingsraamwerk vir assessering.**

Maatskaplike werkers het die volgende mening ten opsigte van 'n teoretiese verwysingsraamwerk as uitgangspunt vir assessering:

- Teoretiese fundering sou as hulpmiddel en versterking van hofverslae dien.
- Indien assessering vanuit 'n spesifieke teoretiese verwysingsraamwerk gedoen word en deur literatuur gesteun word, dra die hofverslag meer gewig.
- Literatuurverwysings en teorie maak die verslag meer regsgeldig.
- Indien daar van literatuur gebruik gemaak word, moet resente bronne gebruik word. Indien 'n deskundige getuie in die hof se getuienis deur 'n teoretiese onderbou gesteun word en bevestig word deur literatuur sal dit meer geloofwaardig wees. (vergelyk Stern, 1997: 77 – 78). Uit die fokusgroepbespreking is dit duidelik dat maatskaplike werkers nie noodwendig oor die nodige teoretiese agtergrond beskik om assessering vanuit 'n teoretiese verwysingsraamwerk te fundeer nie.

Vervolgens word die onderhoude bespreek wat met rolspelers binne die statutêre proses gevoer is.

#### 4.3.3 ONDERHOUDE MET ROLSPELERS BINNE DIE STATUTÊRE PROSES

Tydens die onderhoude met 'n Kommissaris van Kindersorg en kanalisatiebeampte in diens van die Departement van Welsyn is van 'n onderhoudskedule (vergelyk Bylae 3) gebruik gemaak. Die onderhoude was ongestructureerd, informeel en die respondent was aktiewe deelnemers na wie die navorser geluister het. Insigte, gevoelens en menings is gedeel (Neuman, 1997: 371).

Oopvrae is gestel en die navorser het respondent kанс gegee om uit te brei ten opsigte van sekere aspekte. Neuman (1997: 373 – 374) identifiseer drie tipes vroeë wat tydens die onderhoud gevra kan word, naamlik beskrywende vroeë, gestructureerde vroeë en kontrasterende vroeë. Die navorser het van al drie tipes vroeë gebruik gemaak.

Die resultate is saamgevat en word vervolgens per vraag bespreek:

#### **Watter rol speel assessering van die kinders tydens die statutêre proses?**

- Assessering is 'n noodsaaklike aspek tydens die statutêre proses, en is die manier waarop alle toepaslike inligting ten opsigte van die kind verkry word.
- Assessering is noodsaaklik ten opsigte van die beplanning en besluitneming van die kind se plasing.

Die resultate op die volgende vroeë word samevattend bespreek:

**Watter behoeftes het u ten opsigte van assessering?**

**Watter leemteservaar u in bestaande assesseringsriglyne?**

**Watter verwagtinge stel u ten opsigte van die assessering van kinders tydens die statutêre proses?**

Die geneigdheid bestaan om slegs inligting ten opsigte van die fisiese impak van mishandeling of seksuele misbruik op die kind weer te gee. 'n Meer volledige beeld sou geskep word indien daar meer op die emosionele en psigiese aspekte gekonsentreer kon word. 'n Behoefte bestaan ook om die ouers se vaardigheid te assesseer. Assessering moet in staat wees om die fisiese en psigiese by seksuele teistering by mekaar te bring. Die Kommissaris van Kindersorg was ook van mening dat daar te min aandag aan verbale mishandeling geskenk word. Die kanalisatiebeampte het daarop gewys dat die persoon wat die assessering aanvra, baie spesifiek moet wees ten opsigte van wat van die assessering verwag word.

Maatskaplike werkers is volgens die Kommissaris geneig om slegs feite weer te gee en nie die volledige prentjie waarbinne die mishandeling, verwaarlozing of misbruik plaasvind nie. Hierdie verwagting is in totale teenstelling met die persepsie wat maatskaplike werkers het van die hof se vereistes. Soos voorheen bespreek, is maatskaplike werkers van mening dat die hof slegs in feite belangstel.

Die Kommissaris van Kindersorg beskou die gebruik van anatomies korrekte poppe tydens assessering as baie suggestief. Hy is van mening dat hierdie poppe baieoordeelkundig gebruik moet word en dat nuuskierigheid nie as bevestiging van vermoedens gesien moet word nie. Aldridge & Wood (1998: 101) bevestig dat daar verskillende menings bestaan ten opsigte van die gebruik van anatomiese korrekte poppe en dat hierdie hulpmiddel met omsigtigheid gebruik moet word.

Onderhouvoering en erkende spelterapietegnieke word as aanvaarbare wyses beskou om inligting te bekom. Maatskaplike werkers moet daarteen waak om inligting te interpreteer en moet inligting toets en kontroleer (vergelyk McMahon, 1992: 38).

Die navorser is van mening dat assessering 'n holistiese proses is, waartydens die terapeut alle inligting rakende die situasie in ag moet neem sodat verbande tussen gebeure en gevolge getrek kan word. Die maatskaplike werker moet in staat wees om feite te integreer met 'n kennisbasis en daarvolgens die intervensie te rig (vergelyk Sutton 1999: 97).

**Onder watter omstandighede verwag u dat die kind geassesseer word?**

- Kinders moet geassesseer word wanneer daar 'n ondersoek na beweerde sorgbehoewendheid ingevolge artikel 14 van die Wet op Kindersorg gedoen word (Wet op Kindersorg, 1998: 208).
- Assessering is noodsaaklik wanneer die kind se statutêre posisie verander.

Praktykervaring dui daarop dat korrekte besluite ten opsigte van die kind alleen gemaak kan word indien 'n deeglike assessering gedoen is. Assessering moet te alle tye as die begin van die hulpverleningsproses gesien word (vergelyk Milner & O' Byrne 2002: 4).

**Watter ander aspekte behoort na u mening nog aandag te geniet ten opsigte van die assessering van die kind tydens die statutêre proses?**

Assessering kan nie slegs by een geleenthed plaasvind nie. Dit is nie moontlik om al die inligting wat die kind raak met een onderhoud te bekom nie. Alle inligting moet gekontroleer word. Maatskaplike werkers moet seker maak dat alle inligting wat die kind mag raak, bekom word. Dit kan alleen gedoen word indien genoeg tyd aan die ondersoek bestee word. Die verhouding tussen die kind, ouers en maatskaplike werker is belangrik, aangesien die betrokke partye die maatskaplike werker moet vertrou om inligting te deel (vergelyk Webb, 2003: 60).

Uit die inligting verkry vanuit hierdie onderhoude is dit duidelik dat die persepsies van maatskaplike werkers en ander rolspelers in die statutêre proses, veral ten opsigte van die weergawe van inligting in die vorm van die hofverslag, van mekaar verskil. Hierdie verskillende persepsies het moontlik tot gevolg dat verkeerde verwagtings aan die verskillende rolspelers gestel word.

#### 4.4 SAMEVATTING

Die doel van hierdie navorsingsondersoek was om die leemtes in bestaande assessoringsriglyne vas te stel en om die behoeftes van maatskaplike werkers ten opsigte van assessering te identifiseer. 'n Literatuurstudie het as basis vir die ontwerp van 'n vraelys, asook 'n riglyn vir 'n fokusgroepbespreking en onderhoudskedule gedien. 'n Kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings is gevolg. Die kwalitatiewe data in die vorm van die literatuurstudie, fokusgroepbespreking en onderhoude vorm

die basis van die ondersoek. Kwantitatiewe data verkry vanuit die vraelys bied ondersteuning vir die kwalitatiewe data. Die literatuurstudie is in hoofstukke 2 en 3 bespreek.

Die vraelys is in die volgende onderafdelings verdeel:

- Waarde van assessering, omstandighede waartydens geassesseer word, doel van assessering.
- Doen die maatskaplike werker self assessering?  
Vrae gerig aan maatskaplike werkers wat self assessering doen.
- Vrae gerig aan maatskaplike werkers wat nie self assessorings doen nie.
- Die verhouding tussen die kind en die maatskaplike werker tydens assessering.
- Die bepaling van emosionele bewustheid by die kind.
- Die opvolg van assessering deur terapie.
- 'n Teoretiese verwysingsraamwerk vir assessering.
- Leerbehoeftes wat bestaan by maatskaplike werkers ten opsigte van assessering.

Vanuit die vraelys het dit duidelik na vore gekom dat assessering as 'n noodsaaklike komponent tydens die statutêre proses beskou word. Assessering word veral as noodsaaklik beskou tydens beweerde seksuele mishandeling. Assessering word deur die meeste respondentе as 'n proses van inligting-insameling gesien. Meer as een derde van die respondentе doen self assessering. Een en sestig persent ( $f=8$ ) respondentе gebruik die RP model wanneer assessering gedoen word. Spelterapietegnieke word hoofsaaklik as metode van assessering gebruik. Drie en sewentig persent ( $f=11$ ) respondentе het aangedui dat die bestaan de riglyne sekere leemtes het. Respondente het 'n behoefte om 'n totale beeld van die kind te vorm tydens assessering. Hieruit moet 'n behandelingsplan saamgestel word. Vyftig persent ( $f=14$ ) respondentе is tevrede met die assessorings wat hulle laat doen. Drie en sewentig persent ( $f=30$ ) respondentе is van mening dat verhoudingbou waarde tot die assessoringsproses sou voeg. Volgens 23% ( $f=10$ ) respondentе is bestaande assessoringsriglyne nie in staat om emosionele bewustheid by die kind te bepaal nie. Slegs 61% ( $f=25$ ) respondentе volg assessering op met terapie. Uit die reaksie van respondentе is dit duidelik dat maatskaplike werkers nie altyd weet vanuit watter teoretiese verwysingsraamwerk gewerk word nie. Meer as die helfte van die respondentе was nie in staat om 'n teoretiese verwysingsraamwerk voor te stel nie. Maatskaplike werkers het aangedui dat die behoefte bestaan om opgelei te word om assessering te doen. Klem is gelê op die feit dat assessering deel is van die maatskaplikewerkproses en dat alle maatskaplike werkers in staat moet wees om 'n kind te kan assesseer.

Tydens die fokusgroepbespreking het die volgende temas na vore gekom:

- Wat is assessering?

- Aspekte om in gedagte te hou tydens assessering.
- Probleme wat maatskaplike werkers ondervind ten opsigte van assessering.
- Leemtes ten opsigte van bestaande assesseringsriglyne wat geïdentifiseer kan word.
- Behoeftes wat maatskaplike werkers ten opsigte van assessering het.
- 'n Teoretiese verwysingsraamwerk vir assessering.

Maatskaplike werkers het tydens die fokusgroepbespreking aangedui dat assessering as 'n komplekse proses beskou word. Die mening word egter gehuldig dat assessering 'n doel op sigself is en nie gesien word as die begin van die hulpverleningsproses nie. Klem is gelê op die persoon wat assessering doen. Die persoon se kennisbasis en etiese oortuigings sowel as wetgewing is aspekte wat die assesseringsproses beïnvloed. Oor die algemeen is maatskaplike werkers van mening dat bestaande assesseringsriglyne wel aan behoeftes in die praktyk voldoen, maar dat daar leemtes binne die riglyne bestaan.

Tydens onderhoude met rolspelers in die statutêre proses het dit duidelik geword dat die verskillende rolspelers verskillende behoeftes en verwagtings het ten opsigte van assessering. Die maatskaplike werkers is van mening dat die hof slegs in feite belangstel terwyl die Kommissaris van Kindersorg 'n behoefte het aan meer gebalanseerde inligting wat die emosionele sowel as die fisiese insluit.

In die volgende hoofstuk word 'n algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings soos van toepassing op elk van die hoofstukke bespreek.